

LEIERS MET INVLOED

Ter viering van Madiba-dag op 18 Julie – Nelson Mandela se verjaardag – gee ons jou 'n terugblik op van Suid-Afrika se leiers van toeka tot nou. **DEUR CARMEN JACOBS**



SHAKA ZULU

Shaka Zulu is in 1787 in KwaZulu-Natal gebore. Hy was 'n Zoeloe-koning en leier van die magtige Zoeloe-vegters. Toe hy 23 jaar oud was, sluit hy aan by die Mthethwa-vegters aan waar hy hom op die slagveld bewys het en later word hy leier van die impi's ('n groep Zoeloe-vegters). Shaka was die argitek van oorlogvoering en sy vegters was wreed. Hulle het bekend geraak vir hul genadelose veggees en bloedspeer wat hulle agtergelaat het. Shaka het vir die Zoeloe-stamboom groot oorwinnings gebring in verskeie gevegte met hul vyande. Hul vegkreet was "victory or death". Shaka is ook bekend vir sy ontwerp van die korter assegai. Sy skrikbewind is egter deur sy twee halfbroers, Dingane en Mhlangana, én sy lfwag, Mbopha, beëindig toe hulle hom in 1828 vermoor het.

DESMOND TUTU

Emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu is op 7 Oktober 1931 in Klerksdorp, Transvaal gebore. Tutu is 'n wêreldbekende menseregte-aktivis en afgetrede biskop van die Anglikaanse kerk in Suid-Afrika. Hy het eers in 1953 as onderwyser gekwalifiseer, maar met die instelling van Bantoe-opvoeding het hy die onderwys verlaat en is hy in Desember 1961 as Anglikaanse priester ingeseën. In 1986 is hy verkies as aartsbiskop van Kaapstad. Hy het saam met ander politieke aktiviste soos Nelson Mandela (met wie hy in een straat, Vilakazistraat in Soweto gewoon het), sterk teen die apartheidstelsel geveg. Tutu het in 1984 die Nobelprys vir Vrede gewen. Hy het ook geskiedenis gemaak toe hy die eerste swart biskop van die Anglikaanse kerk in Johannesburg in 1985 geword het.

NELSON MANDELA

Nelson Rolihlahla Mandela is gebore in die klein dorpie Mvezo in Transkei en was 'n raadgever se seun. Mandela het ná skool aan die Universiteit van Fort Hare studeer waar hy vir Oliver Tambo ontmoet het en sy belangstelling in politiek aangewakker is. In 1942 sluit 'n jong Mandela aan by die politieke party The African National Congress (ANC). In 1961 word hy die leier van die Umkhonto we Sizwe (die gewapende mag van die anti-apartheid opposisie). Sy aansluiting by dié eenheid veroorsaak dat Mandela aangekla word vir terrorisme en hy word 27 jaar tronkstraf opgelê. Op 11 Februarie 1990 word hy vrygelaat – 'n geskiedkundige oomblik in SA se geskiedenis. Mandela ontvang in 1993 die Nobelprys vir Vrede saam met die voormalige president FW de Klerk.

PAUL KRUGER

Stefanus Johannes Paulus Kruger is op 10 Oktober 1825 op sy grootouers se plaas, Bulhoek, naby Cradock gebore en hy was 'n groot vegter vir die onafhanklikheid van die Afrikaners. Kruger het in 1837 saam met sy gesin by Piet Retief by die Groot Trek aangesluit. Die Kruger-gesin het tot anderkant die Vaalrivier getrek en hulself daar gevestig – vandag bekend as Potchefstroom. In 1838 was dié dorp die Zuid Afrikaanse Republiek (ZAR) genoem. In 1863 is Kruger as hoofbevelvoerder van die ZAR-weermag aangewys. Hy word in 1883 gekies as president van ZAR. Met die ontdekking van goud in 1886 het Britse burgers op SA toegesak en magstryde tussen die Afrikaners en Britte veroorsaak. Dit het tot die Anglo-boereoorlog in 1899 gelei. Kruger verlaat SA en sterf in Switserland in 1904.

GOEIE LEIERS

Steve Biko was een van die magtigste anti-apartheidsaktiviste en vryheidsvegters. Biko is op 18 Desember 1946 in King Williams Town in die Oos-Kaap gebore. As leier van die Swartbewussynsbeweging was hy een van die sterkste vryheidsvegters. Biko se dood het wêreldwyd opslae gemaak omdat hy in 1977 in aanhouding in polisieeselle dood gemartel is.



Frederik Willem (FW) de Klerk word as een van SA se goeie leiers beskou, omdat hy 'n rol gespeel het in die beëindiging van apartheid. Hy was aan bewind toe die ANC in 1990 ná 30 jaar ontban is. In 1993, ná Nelson Mandela se vrylating, was De Klerk saam met hom met die Nobelprys vir Vrede vereer.

OMSTREDE LEIERS

Julius Malema is een van SA se mees omstrede politieke leiers met sy opspraakwekkende uitlatings. Hy was destyds leier van ANC-jeugliga, maar is in 2012 uit dié party geskors. Malema het in 2013 sy eie politieke party, die Ekonomiese Vryheidsvegters (EFF), gestig en sorg vir groot opskudding in politieke kringe en die parlement.



Winnie Madikizela-Mandela is die eksvrou van Nelson Mandela en het ook al vir groot omstredenheid gesorg. Sy was destyds die leier van die ANC-Vroueliga. Een van die groot skadu's wat Winnie volg, is haar betrokkenheid by die ontvoering en moord van 'n 14-jarige aktivis. Winnie is ook in 2003 van bedrog aangekla.



BERUGTE LEIERS

Hendrik Verwoerd word beskou as die ontwerper van die apartheidstelsel wat wit SA-burgers voorheen bevorder en nie-wittes verdruk het. Hy was onder meer verantwoordelik vir die instelling van die apartheidswette vanaf 1948 tot 1994. Hy is in 1966 in die parlement deur 'n sluipmoordeenaar vermoor.



Eugène Terre'Blanche was die stigter van die destydse Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB), wat sterk gekant was teen die 1994-demokrasie en swart regering. Terre'Blanche is in 2001 tot ses jaar tronkstraf gevonniss vir poging tot moord en aanranding. Hy is in 2004 vrygelaat. Op 3 April 2010 is hy op sy plaas buite Ventersdorp vermoor.



JOU KIND EN SKOOL

ANDER SA-LEIERS VAN OOR DIE JARE

• Helen Zille

Dié premier van die Wes-Kaap en voormalige voorsitter van die Demokratiese Alliansie (DA), het destyds as joernalis by die *Rand Daily Mail*-koerant gewerk toe sy oor die dood van Steve Biko in polisieaanhouding berig het. Sy was oor die jare lid van talle anti-apartheid bewegings. Helen het in 2015 die partyleisels van die DA aan die nuwe leier, Mmusi Maimane, oorgegee.

• Dr. Allan Aubrey Boesak

Hy is 'n bekende in die politieke en teologiese arenas. Boesak het bekend geword vir sy bydrae in die anti-apartheid vryheidstryd en was al voorheen voorsitter van die ANC in die Wes-Kaap. Hy was ook 'n dominee van die NG Sendingkerk, maar het in 1990 bedank. Boesak het in die 1980's aktief vir vryheid geveg.

• Helen Suzman

Dié vurige politikus is in 1917 in Germiston, Johannesburg gebore. Sy was 'n lid van die Progressiewe Party in die 1960's en baie ongewild onder ander parlamentslede oor haar teenkanting van apartheidswette. Sy was bemoeid met die menseregte van veral gevangnisse en het selfs vir oudpresident Nelson Mandela in die tronk op Robbeneiland besoek. Suzman is in 2009 in haar slaap dood.

• Adam Kok III

Hy was die leier van die Griekwas. Hy het saam met sy mense in 1861 die plek Griekwaland-Wes gestig. Kok het ook later die hoofstad, Kokstad, gestig. Kok het in Desember 1875 gesterf.

• Simon van der Stel

Simon van der Stel is in 1639 gebore. Hy het grootliks bygedra tot die groei en ontwikkeling van die Kaapse kolonie in die 1680's. In 1679 is hy as kommandeur van die Kaap aangestel en hy was stigter van die dorp Stellenbosch. In 1691 word hy goewerneur van die Kaap. In 1685 het hy grond gekry en sy wynplaas Groot Constantia genoem. Hy is in 1712 dood. ☺